

RAPPORTEERBAAR**IN DIE HOOGGEREGSHOF VAN SUID-AFRIKA
[KAAP DIE GOEIE HOOP PROVINSIALE AFDELING]**

SAAKNO: A66/2002

In die saak van:

SHAMIEL SYDOW

Eerste Appellant

RIEDEWAAN SYDOW

Tweede Appellant

ASHALEY DAVIDS

Derde Appellant

BRIAN DAVIDS

Vierde Appellant

teen**DIE STAAT**

Respondent

UITSPRAAK GELEWER OP 22 NOVEMBER 2002

H.J. ERASMUS, R:

Die vier appellante het in die Streekhof te Kaapstad tereg gestaan op 'n aanklag van roof met verswarende omstandighede, en 'n aanklag van oortreding van artikel 2 van die Wet op Wapens en Ammunisie Wet 75 van 1969 (onwettige besit van twee vuurwapens).

Die appellante is al vier op 10 April 2001 skuldig bevind op die aanklag van roof met verswarende omstandighede. Die vierde appellant is ook op die aanklag van oortreding van artikel 2 van Wet 75 van 1969 skuldig bevind.

Elk van die vier appellante is op 6 Junie 2001 gevonnissen tot vyftien (15) jaar gevangenisstraf op die aanklag van roof met verswarende omstandighede. Die vierde appellant is 'n verdere drie (3) jaar gevangenisstraf opgelê ten opsigte van die aanklag van oortreding van artikel 2 van Wet 75 van 1969. Die Hof het beveel dat hierdie vonnis uitgedien word tesame met die vonnis op die aanklag van gewapende roof.

Die appellante kom in hoër beroep slegs teen hul skuldigbevinding.

Ná aanhoor van mondelinge betoog, is die advokate versoek om skriftelike kommentaar te lewer na aanleiding van die beslissing van die Hoogste Hof van Appèl in *S v Bezuidenhout* (ongerapporteerde, saaknommer 22/2002, 27 September 2002). Ek is die advokate dank verskuldig vir hul reaksie op hierdie versoek.

Die feite van die saak, kan kortliks saamgevat word. Die klaagster beweer dat sy op die aand van 2 Augustus 2000 deur die vier appellante in 'n mini-bus taxi van haar baadjie, R80.00 en 'n sleutel beroof is. Die vierde appellant het haar in die proses geklap en met 'n vuurwapen gedreig. Die rowers het haar êrens in Woodstock afgelaai. Sy het by 'n huis aangeklop en pen en papier gevra om die registrasienommer van die taxi neer te skryf. 'n Man het haar na die naaste polisie-kantoor geneem. Sy het die nommer van die voertuig aan die Polisie gegee en vertel dat sy beroof is. Die berig van die roof en die registrasienommer van die voertuig is op die Polisie se radio-netwerk versprei. Die voertuig is pas daarna voorgekeer met die vier appellante daarin. By die polisiestasie is twee vuurwapens in die voertuig gevind. Die klaagster het die vier mans uitgeken as dié wat haar beroof het.

Die appèl teen skuldigbevinding berus op drie gronde:

1. Die appellante het nie 'n billike verhoor gehad nie;
2. Die klaagster se getuienis was ontoelaatbaar omdat die tolk nie ingesweer was nie;
3. Die appellante se weergawe kan redelik moontlik waar wees.

Die beswaar dat die appellante nie 'n billike verhoor gehad het nie, berus op die oorweging dat die saak voor die Hof gebring is op 15 Augustus 2000, slegs dertien dae ná die appellante se arrestasie. Die saak is so gou voor die Hof gebring omdat die klaagster op die punt gestaan het om terug te keer na Duitsland.

By die aanvang van die verhoor het die prokureur wat namens die appellante verskyn het, te kenne gegee dat sy nie heeltemal gereed is om voort te gaan nie. Haar aanvanklike onwilligheid om met die saak voort te gaan het egter gespruit uit haar aandrang dat 'n uitkenningssparade gehou word. Dit is duidelik dat 'n uitkenningssparade geen doel sou gedien het nie – die appellante plaas hulle self op die toneel van die beweerde misdrywe in die teenwoordigheid van die klaagster.

Die voorsittende landdros was wel deeglik bewus daarvan dat die saak op kort kennisgewing ter rolle geplaas is, en hy het teenoor die appellante se prokureur te kenne gegee dat hy haar tegemoet sal kom indien sy probleme ervaar.

Die klaagster se getuienis in hoof is op die eerste dag van die verhoor aangehoor. Haar kruisondervraging het twee dae later plaasgevind. Uit die oorkonde van die verrigtinge is dit duidelik dat die prokureur van die appellante genoeg tyd gehad het om haar voldoende op kruisondervraging voor te berei (sien *S v Halgryn* 2002 (2) SASV 211 (HHA); [2002] 4 All SA 157 (HHA) te par [9] en [10]).

Die appellante is na my oordeel nie benadeel deur die feit dat die saak redelik spoedig verhoor is nie .

Die klaagster is Duitssprekend en het haar getuienis deur middel van 'n tolk afgelê. By die aanvang van haar getuienis, vra die landdros aan die tolk:

“Are you an official court interpreter?”

Hierop antwoord die tolk:

“Yes I am. I am registered with the law court.”

Die tolk het daarop voortgegaan om die getuienis van die klaagster van Duits na Engels te tolk. Soos reeds vermeld voer die appellante aan dat die klaagster se getuienis ontoelaatbaar was omdat die tolk nie ingesweer was nie.

Die tolk se antwoord dat sy “geregistreer” is by die Hof, is, soos uit gegewens blyk wat voor ons geplaas is, korrek in dié opsig dat sy ingevolge Hooggeregshofreël 59 toegelaat en ingeskryf is as 'n beëdigde vertaler. Sy is

op 3 Mei 1990 in hierdie Hof toegelaat as beëdigde vertaler in Duits en in Engels.

Die vraag wat ontstaan is of 'n persoon wat as beëdigde vertaler in die Hooggeregshof toegelaat en ingeskryf is, as tolk in strafverrigtinge in 'n landdroshof kan optree sonder om in daardie Hof 'n eed af te lê. In *S v Harksen; Harksen v President of the Republic of South Africa and Others; Harksen v Wagner NO and Another* 2000 (1) SA 1185 (K); 1999 (2) SASV 448 (K) het 'n beëdigde vertaler tydens uitlewerings-verrigtinge getuig sonder om as tolk ingesweer te word. Die tolk is nie ingesweer nie omdat, soos dit in paragraaf [3] van die uitspraak gestel word –

“It would appear that both she and the magistrate were mistakenly under the impression that it was not necessary to do so.”

Die partye in die saak was dit eens dat die getuienis om daardie rede nie behoorlik vertolk is nie.

Vertolking van getuienis in die landdroshof

Landdrosreël 68 maak voorsiening vir 'n ampseel vir tolke, wat geleentheidstolke insluit (oor permanente of amptelike tolke, en geleentheidstolke, sien *S v Naidoo* 1962 (2) SA 625 (A) op 631D—E). Subreël (4) van reël 68 maak in die besonder voorsiening daarvoor dat die feit dat die eed deur 'n geleentheidstolk afgelê is, in die hofstukke aangeteken moet word.

Die tolk in die onderhawige geval was 'n geleentheidstolk, dit wil sê, 'n tolk wat *ad hoc* aangewys word om in 'n spesifieke saak as tolk op te tree. Subreël (3) van Landdroshofreël 68 bepaal soos volg wat betref die eed wat 'n geleentheidstolk moet aflê:

“(3) Wanneer ook al 'n geleentheidstolk aangestel word om in 'n besondere saak te tolk, moet van hom vereis word dat hy 'n eed of bevestiging voor 'n regterlike amptenaar soos volg aflê:

‘Ek,, (volle naam) verklaar hierby onder eed/bevestig opreg dat ek na my beste vermoë getrou en juis uit die taal wat ek aangesê mag word om te tolk in die verrigtinge van

gehou in die landdroshof tein een van die amptelike tale sal tolk en omgekeerd.'

Sodanige eed of bevestiging word op die wyse wat vir die aflegging of afneem van 'n eed of bevestiging voorgeskryf is, afgelê of afgeneem."

Van belang in hierdie voorskrif is (i) dat daar van die geleentheidstolk vereis moet word ("shall be required") om die voorgeskrewe eed af te lê, en (ii) dat die eed afgelê word met verwysing na 'n spesifieke saak.

Regspraak

In *S v Naidoo* 1962 (2) SA 625 (A) het 'n geleentheidstolk opgetree wat nie 'n algemene eed ten opsigte van sy funksionering as tolk afgelê het nie, en ook nie spesiaal as geleentheidstolk ingesweer is nie. Die Appèlhof bevind dat getuienis gelewer deur middel van 'n tolk wat nie ingesweer is nie, ontoelaatbaar is en 'n onreëlmatigheid daarstel (*S v Naidoo, supra*, 632H, 633C, 634D; sien ook *R v Mutche* 1946 AD 874; *S v T* 1973 (3) SA 749 (A) 796G—H; *S v Bezuidenhout, supra*, par [14]). Die Hof bevind voorts dat die jurie beïnvloed is deur die ontoelaatbare getuienis en dat daar geen ander getuienis was waarop 'n skuldigbevinding gegrond kon word nie. Die Hof het derhalwe die appèl teen die skuldigbevinding gehandhaaf.

In *S v Manjra* 1966 (4) SA 319 (A) het die klaagsters getuienis afgelê in Gujarati. Op appèl is aangevoer dat twee onreëlmatighede *ex facie* die rekord blyk, naamlik, (i) die tolk was nie ingesweer nie, en (ii) dat hy nie bevoeg was om getuies in te sweer nie. Uit getuienis wat aan die Hof *a quo* voorgelê is tydens 'n aansoek om verlof om te appelleer, het dit geblyk dat die tolk 'n algemene eed voor 'n landdros ('n kommissaris van ede) afgelê het dat hy in alle sake waarin hy as tolk optree juis en getrou na die beste van sy vermoë sal tolk. Hy het daarna deurlopend as tolk opgetree alhoewel hy geklassifiseer was as 'n geleentheidstolk. Hy het hoofsaaklik in die landdroshof as tolk opgetree, maar by geleentheid ook in die Hooggeregshof en tydens een van sy optredes in die Hooggeregshof is hy as geleentheidstolk ingesweer.

In sy uitspraak onderskei Holmes AR, *S v Naidoo* 1962 (2) SA 625 (A) op grond daarvan dat in daardie saak die tolk nie 'n algemene eed om korrek te tolk afgelê

het nie, en ook nie 'n *ad hoc* eed in die besondere saak nie. Op 321E—G sê Holmes AR:

"I therefore express no comment, either of concurrence or dissent, on any aspect of the judgment in that case. And I turn to the facts of the present case, in which the interpreter had taken a general oath in regard to 'all cases in which I officiate'. I can see no reason in law or common sense why that oath should not be valid for the purposes of his officiating as an interpreter in the trial in the present case. Was the oath any the less binding on his conscience because he was now in the Supreme Court? No statute or authority was cited to us pointing the other way. Claassen J held forthrightly that the oath which the interpreter took before a magistrate, who was a commissioner of oaths,

'was of general application and binds the person who takes the oath in all matters and in all Courts where he is sued as an interpreter'.

I agree with that view."

In *S v Kwali* 1967 (3) SA 193 (A) is daar aan die einde van die saak, tydens die beredenering van 'n aansoek om a spesiale inskrywing, getuienis aangebied oor die bevoegdheid van 'n tolk wat tydens die verrigtinge opgetree het. Die aangebode getuienis het daarop gedui dat die betrokke tolk, behalwe by een geleentheid by 'n voorlopige ondersoek, nie as tolk in die landdroshof opgetree het nie en nooit as tolk ingesweer is nie. Op appèl was daar 'n aansoek ingevolge artikel 22 van die Wet op die Hooggeregshof 59 van 1959 van die kant van die Staat dat verdere getuienis oor die aangeleentheid aangehoor word. Die getuienis wat die Staat wou aanbied was dié van 'n landdros tot die effek dat die betrokke tolk gereeld as tolk in die landdroshof opgetree het en dat hy 'n algemene eed, nie beperk tot 'n spesifieke saak nie, afgelê het. Die aansoek word toegestaan en Williamson AR sê onder meer (op 197H—198A):

"The evidence of van Vuuren, if accepted, may show that the decision in *S v Manjra* 1966 (4) SA 319 (A), is applicable and that no irregularity took place during the trial. If on the other hand, the deposition of van Wyk and the testimony of Kibe were to be left uncontradicted, and application of the decision in *S v Naidoo* 1962 (2) SA 625 (A), may bring about a completely different result of the appeal."

Uit voorgaande oorsig van die regspraak blyk dit dus dat as a tolk, selfs 'n geleentheidstolk, 'n algemene eed afgelê het ten opsigte van sy aktiwiteite as tolk, dit nie 'n onreëlmatigheid daarstel as hy as geleentheidstolk nie spesifiek ingesweer word ten opsigte van 'n besondere saak waarin hy optree nie.

Die vraag in hierdie saak is of 'n beëdigde vertaler, wat 'n algemene eed afgelê het, as geleentheidstolk kan optree sonder om 'n eed af te lê ten opsigte van sy of haar optrede as tolk in daardie spesifieke saak?

Die beëdigde vertaler

Die eed wat 'n beëdigde vertaler by toelating en inskrywing aflê, lui ingevolge Hooggeregshofreël 59(4) soos volg:

"Ek (volle naam) verklaar hierby onder eed/plegtig en opreg dat ek in my hoedanigheid as vertaler van die Hooggeregshof van Suid-Afrika enige dokument getrou en korrek na die beste van my kennis en vermoë sal vertaal in 'n amptelike taal van die Republiek van Suid-Afrika uit enige ander taal ten opsigte waarvan ek as vertaler toegelaat en ingeskryf is."

Ingevolge Hooggeregshofreël 59(3) is 'n behoorlike toegelate en ingeskrewe beëdigde vertaler bevoeg om in al die Afdelings van die Hooggeregshof as vertaler op te tree in die tale ten opsigte waarvan hy of sy as vertaler toegelaat en geskryf is.

Volgens die voorgeskrewe eed, het die funksie van 'n beëdigde vertaler het pertinent betrekking op die vertaling van dokumente. Hierdie funksie word verder omskryf in subreëls (1) en (2) van Hooggeregshofreël 60 wat die opskrif dra "Vertaling van Dokumente". Die twee subreëls lui soos volg:

"(1) 'n Dokument wat in 'n ander taal as 'n amptelike taal van die Republiek in enige verrigtinge voorgelê word, moet vergesel gaan van 'n vertaling wat deur 'n beëdigde vertaler as juis gesertifiseer is.

(2) 'n Vertaling aldus gesertifiseer word *prima facie* geag 'n juiste vertaling te wees en is as sodanig by voorlegging toelaatbaar."

Die vertolking van *viva voce* getuienis in 'n Hoër Hof word afsonderlik gereël in Hooggeregshofreël 61.

Die beëdigde vertaler as tolk

Uit voorgaande blyk dus dat 'n beëdigde vertaler 'n persoon is (i) wie se bevoegdheid as vertaler in bepaalde tale by wyse van eksamen beproef is, en (ii) wat 'n algemene eed afgelê het betreffende die vertaling van dokumente.

Ek is van oordeel dat as 'n beëdigde vertaler as tolk by strafverrigtinge in die landdroshof optree, so 'n beëdigde vertaler die eed wat in Landdroshofreël 68(3) voorgeskryf word, moet aflê.

Die beëdigde vertaler in hierdie geval het geen algemene eed as tolk afgelê nie, en is ook nie ingesweer as geleentheidstolk nie.

Die getuienis van die klaagster by die verhoor was derhalwe ontoelaatbaar omdat dit getuienis is wat sy gelewer het deur middel van 'n tolk wat nie ingesweer was nie.

Die bevoegdheid van die beëdigde vertaler as tolk

Die tolk het klaarblyklik genoegsame kennis van geskrewe Duits en Engels gehad om as beëdigde vertaler toegelaat en ingeskryf te word. Mnr Samuels het met reg aangevoer dat 'n beëdigde vertaler se vaardigheid en bevoegdheid in die vertaling van die geskrewe woord nie noodwendig beteken dat so 'n vertaler vaardig en bevoeg is in die hantering van die gesproke woord nie. Tog kan daar weinig twyfel bestaan dat as die landdros ondersoek ingestel het na die tolk se bevoegdheid, hy haar na alle waarskynlikheid bevoeg sou bevind het om as geleentheidstolk ingesweer te word.

In die oorkonde van die verrigtinge verskyn (i) die oorspronklike Engelse weergawe van die vrae wat die aanklaer en die prokureur vir die verdediging aan die klaagster gestel het, en (ii) die Engelse weergawe van die klaagster se antwoorde soos uit Duits vertolk. Tussen hierdie eerste en laaste stappe in die proses is daar twee stappe wat nie in die oorkonde weergegee word nie, naamlik, (i) die vertolking in Duits van die oorspronklike Engelse vrae, en (ii) die antwoorde in Duits op hierdie vrae deur die klaagster.

Tussen die oorspronklike Engelse vraagstelling en die uiteindelijke vertolkte antwoorde, soos weergegee in die oorkonde van die verrigtinge, is daar telkens 'n logiese verband; elke antwoord is 'n rasionele respons

op die voorafgaande vraag. Dit dui minstens *prima facie* daarop dat die vraag en die antwoord korrek vertolk moes gewees het.

Remedie

Artikel 322(3) van die Strafproseswet 51 van 1977 bepaal dat wanneer 'n skuldigbevinding en vonnis op appèl tersyde gestel word op grond daarvan dat geregtigheid nie geskied het nie as gevolg van die toelating teen die beskuldigde van getuienis wat andersins toelaatbaar is maar weens die een of ander gebrek by die verrigtinge nie behoorlik voor die hof geplaas was nie, kan die hof van appèl die saak na die verhoorhof terugverwys met die opdrag dat daar met die aangeleentheid, met die inbegrip van die aanhoor van bedoelde getuienis, gehandel word op die wyse wat die hof van appèl goed ag. Hierdie bevoegdhede moet op so 'n wyse uitgeoefen word dat daar nie inbreuk gemaak word op 'n beskuldigde se grondwetlike reg op 'n billike verhoor ingevolge artikel 35(3) van die Grondwet nie (*S v Solo* 1995 (1) SASV 499 (OK) op 508j—509c).

Hiemstra *Suid-Afrikaanse Strafproses* (6e uitgawe deur Kriegler en Kruger) (2002) op 899 sê dat die oogmerk van die subartikel is om 'n vryspraak wat op hoogs tegniese gronde berus, te vermy. Die geleerde skrywers verwys na *S v Naidoo, supra*, as 'n voorbeeld van die soort situasie wat deur die subartikel verhelp moet word: waar toelaatbare getuienis toegelaat is, maar op die verkeerde manier (naamlik deur 'n oningesweerde tolk). Die subartikel maak dit moontlik om 'n saak terug te verwys om opnuut beslis te word nadat die tegniese onreëlmatigheid reggestel is (nadat die getuienis op die regte manier toegelaat is).

In *S v Bezuidenhout, supra*, het die Hoogste Hof van Appèl oorweging geskenk aan die vraag welke van die bevoegdhede vermeld in artikel

52(3)(e) van die Strafreghwysigingswet 105 van 1997 in daardie saak uitgeoefen moes word. Die Hof bevind (par [20]) dat die wye bevoegdheede wat die artikel verleen, op soortgelyke wyse uitgeoefen moet word as die bevoegdheede wat 'n hof van appél ingevolge artikel 322(3) van die Strafproseswet 51 van 1977 het. In hierdie verband word (te par [19]) die volgende opmerkings gemaak wat, *mutatis mutandis*, van toepassing is op die omstandighede van die onderhawige saak:

“Die beswaar teen die toelaatbaarheid van haar getuienis is gevolglik van 'n tegniese aard en is te wyte aan 'n fout wat deur die landdros begaan is. In die lig van voorgaande moes die hof *a quo* na my mening oorweging daaraan geskenk het of dit nie 'n geval was waar, sonder om inbreuk te maak op die respondent se reg op 'n billike verhoor, die gebrek reggestel kon word en in belang van geregtigheid reggestel moes word nie. Die regstelling kon moontlik geskied deur die tersydestelling van die skuldigbevinding, die aanhoor van verdere getuienis, óf self óf deur die streekhof wat die respondent skuldig bevind het. Die getuienis kon bestaan uit 'n bevestiging deur die klaagster van haar vroeëre getuienis nadat aan die bepalings van art 162, 163 en 164 voldoen is, of uit 'n herhaling van sodanige getuienis en kruisondervraging van die klaagster vir sover dit nodig mag wees om te voldoen aan die grondwetlike vereiste van 'n billike verhoor. In die verband is dit belangrik om in gedagte te hou dat geregtigheid nie alleen vereis dat 'n onskuldige persoon nie verkeerdelik skuldig bevind word nie maar ook dat 'n persoon wat 'n misdaad gepleeg het behoorlik vir die pleging van die misdaad gestraf word.”

In die lig van die voorafgaande is ek van oordeel dat die saak na die verhoorhof terugverwys moet word met die opdrag om oorweging daaraan

te skenk om die saak te heropen vir die aanhoor van verdere getuienis deur die klaagster op 'n wyse wat die gebrek in die aanvanklike voorlegging van haar getuienis sal regstel.

Aangesien die saak na die verhoorhof terugverwys word om opnuut beslis te word nadat die gebrek in die aanvanklike voorlegging van die klaagster se getuienis reggestel is, sal dit onvanpas wees as hierdie Hof op hierdie stadium 'n mening uitspreek ten opsigte van die derde grond waarop die skuldigbevinding van die appellante aangeveg word, naamlik dat hul weergawe van die gebeure redelik moontlik waar kan wees.

Die volgende bevel word gevolglik gemaak:

- 1 Die skuldigbevinding van die appellante word tersyde gestel.
- 2 Die saak word na die verhoorhof terugverwys met die opdrag om oorweging daaraan te skenk om die saak te heropen vir die aanhoor van verdere getuienis deur die klaagster op 'n wyse wat die gebrek in die aanvanklike voorlegging van haar getuienis sal regstel,

HJ ERASMUS, R

Ek stem saam

MOOSA,

R